# NG Kerk Parow-Welgelegen

**Telefoon:** 021 558 0014
**WhatsApp:** 074 682 6890
**E-pos:** kantoor@ngkwelgelegen.co.za
**Adres:** La Provenceweg 47, Welgelegen

**Web:** www.kerkvirvandag.co.za Facebook: @ParowWelgelegen
**Kantoorure:** **Dinsdae 09:00 – 16:00, Woensdae tot Vrydae 09:00 – 14:00**
**Erediens:** **Sondae om 09:00**

Kerk vir vandag
en môre se mense

---

## KUNSKOMPETISIE 2026

Tema: **IN VERWONDERING**

### 1. DOEL VAN DIE KOMPETISIE

Die doel van die kunskompetisie is om kinders en jongmense die geleentheid te gee om hul **kreatiwiteit, verbeelding en kunsvaardigheid** uit te leef.

Ons wil graag 'n geleentheid skep waar kinders van verskillende ouderdomme kan deelneem, hul werk te kan uitstal en die erkenning ontvang wat hulle verdien.

Die wenners sal tydens **Kunstesondag op Sondag 25 Oktober 2026** aangekondig word.
Kunswerke sal ook op hierdie Sondag uitgestal word om te geniet en waardeer.

---

### 2. TEMA

### 🎨 IN VERWONDERING

Die tema nooi deelnemers uit om iets te teken of skilder wat hulle met **verwondering** vervul.
Dit kan enigiets wees wat vir hulle besonders, mooi, ongelooflik of betekenisvol is.

Deelnemers kan byvoorbeeld dink aan:

- 🌿 **In verwondering oor God** – Sy skepping, liefde, genade en teenwoordigheid
- 🌍 **In verwondering oor die natuur** – die see, berge, diere, plante, die hemel en sterre
- ❤️ **In verwondering oor my vriende en familie** – mense wat vir my belangrik is
- ✨ **In verwondering oor die lewe** – die klein dinge wat ons elke dag raaksien
- 🌈 **In verwondering oor kleur en skoonheid**
- 🚀 **In verwondering oor die toekoms** – drome, moontlikhede en wat nog voorlê
- 💭 **In verwondering oor my verbeelding** – enigiets wat in die deelnemer se verbeelding leef

Die tema word doelbewus **wyd en oop gelaat**, sodat elke deelnemer dit volgens hul eie ouderdom, ervaring en verbeelding kan interpreteer.

---

## 3. OUDERDOMSKATEGORIEË

Om te verseker dat deelnemers teen kinders van soortgelyke ouderdom en ontwikkelingsvlak meeding, word vier kategorieë voorgestel:

| Kategorie | Ouderdom | Inskrywingsfooi | Wenprys |
|---|---|---|---|
| **Klein Kunstenaars** | 6–8 jaar | R30 | 🏆 R150 |
| **Jong Kunstenaars** | 9–12 jaar | R40 | 🏆 R250 |
| **Junior Kunstenaars** | 13–15 jaar | R50 | 🏆 R400 |
| **Senior Kunstenaars** | 16–18 jaar | R60 | 🏆 R600 |

---

## 5. DATUMS

Kompetisie bekendstelling: **4 September 2026**

Inskrywings sluit: **Sondag 18 Oktober 2026 om 09:00**

Deelnemers het die geleentheid om hul oorspronklike kunswerke by die kerkkantoor af te laai tot en met Sondag 18 Oktober ’26 om 09:00. Kantoorure is Dinsdae 09:00 – 16:00, Woensdae tot Vrydae 09:00 – 14:00. Kunswerke kan ook op Sondae na die erediens, wat om 09:00 begin, gebring word. Adres: NG Kerk Parow-Welgelegen, La Provenceweg 47, Welgelegen 2, Kaapstad.

### 🏆 Uitstalling & prysuitdeling

**Kunstesondag – Sondag 25 Oktober 2026**

Die kunswerke sal tydens Kunstesondag uitgestal word.

Die vier kategorie wenners word tydens die Kunstesondag-program aangekondig en hul pryse word oorhandig.

---

## 6. KOMPETISIE-REËLS

### 6.1 Deelname

- Die kompetisie is oop vir deelnemers van **6 tot 18 jaar**.
- Deelnemers word volgens hul ouderdom op die sluitingsdatum in die toepaslike kategorie geplaas.

**Telefoon:** 021 558 0014
**WhatsApp:** 074 682 6890
**E-pos:** kantoor@ngkwelgelegen.co.za
**Adres:** La Provenceweg 47, Welgelegen

**Web:** www.kerkvirvandag.co.za Facebook: @ParowWelgelegen
**Kantoorure:** **Dinsdae 09:00 – 16:00, Woensdae tot Vrydae 09:00 – 14:00**
**Erediens:** **Sondae om 09:00**



- Elke deelnemer mag **slegs een kunswerk** inskryf.

### 6.2 Kunswerk

- Die kunswerk moet by die tema **"In Verwondering"** aansluit.
- Die kunswerk moet in **A4- of A3-formaat** wees.
- Tekening, verf, kleurpotlode, kryte, pastelle, waterverf en gemengde media word toegelaat.
- Die kunswerk moet die deelnemer se **eie oorspronklike werk** wees.
- Geen gekopieerde kunswerke, vooraf gedrukte prente of inkleurprente word aanvaar nie.
- **Geen AI-gegenereerde kunswerke** sal aanvaar word nie.

### 6.3 Ouer-/volwasse hulp

Die doel van die kompetisie is om jong kinders en volwassenes se kreatiwiteit te vier. Ouers, onderwysers en ander volwassenes mag kinders aanmoedig en idees bespreek, maar die kunswerk moet deur die deelnemer self geskep word. 'n Volwassene mag nie die kunswerk namens die deelnemer teken, verf of andersins voltooi nie.

### 6.4 Inskrywings

- Die korrekte inskrywingsfooi moet saam met die inskrywing betaal word (kontant/kaart).
- Inskrywingsfooie is **nie terugbetaalbaar** nie.
- Die deelnemer se naam, ouderdom en kontakbesonderhede moet saam met die inskrywing verskaf word.
- Inskrywings sluit op **Sondag 18 Oktober 2026**.

### 6.5 Beoordeling

- Alle kunswerke sal deur die aangewese beoordelaars beoordeel word.
- Beoordeling vind binne ouderdomskategorieë plaas.
- Daar sal slegs **een wenner per kategorie** wees.
- Die beoordelaars se besluit is finaal.

### 6.6 Uitstalling

Die ingeskrewe kunswerke sal tydens **Kunstesondag op 25 Oktober 2026 om 09:00** uitgestal word.

Die organiseerders behou die reg voor om kunswerke wat nie aan die kompetisiereëls voldoen nie, van die kompetisie te onttrek.

### 6.7 Publisiteit

Deur deelname gee die deelnemer/ouer of voog toestemming dat die kunswerk tydens die geleentheid uitgestal en vir gemeentelike bemarking, sosiale media en ander kommunikasiedoeleindes gebruik mag word.

Die deelnemer se naam en ouderdom mag saam met die kunswerk vermeld word.

---

## 7. PRYSUITDELING

Die vier kategorie wenners word tydens **Kunstesondag – Sondag 25 Oktober 2026 (09:00)** aangekondig.

### 🏆 Wenners

**Klein Kunstenaars (6–8):** R150
**Jong Kunstenaars (9–12):** R250
**Junior Kunstenaars (13–15):** R400
**Senior Kunstenaars (16–18):** R600

Elke wenner ontvang ook ’n **sertifikaat van erkenning**.
Naas die pryse vir die kategorie wenners sal daar ook ander pryse op die dag uitgegee word.

---

## 8. SLOT

**Kontak gerus die kerkkantoor vir meer inligting op 021  558 0014, via WhatsApp-teks 074 682 6890 of via e-pos kantoor@ngkwelgelegen.co.za**